



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE**1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:**

| LEERUITKOMSTE | ASSESSERINGSTANDAARDE |
|--|---|
| LEERDERS KAN DIE VOLGENDE DOEN: | |
| Leeruitkoms 1 (Geschiedkundige ondersoek) | <ol style="list-style-type: none"> 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. (Nie vir eksamendoeleindes nie.) 2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. (Nie vir eksamendoeleindes nie.) 3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne. 4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| Leeruitkoms 2 (Geschiedkundige begrippe) | <ol style="list-style-type: none"> 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene. 2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word. 3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| Leeruitkoms 3 (Vertolking van kennis en kommunikasie) | <ol style="list-style-type: none"> 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk, krities. 2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun. 3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word. 4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings. |

1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:

| VLAKKE VAN BRONGBASEERDE VRAE | |
|--------------------------------------|---|
| VLAK 1 (V1) | <ul style="list-style-type: none"> • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne. • Organiseer die inligting logies. • Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| VLAK 2 (V2) | <ul style="list-style-type: none"> • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord. • Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is. • Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| VLAK 3 (V3) | <ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne. • Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. • Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies. • Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. • Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk, krities. |

1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

| |
|--|
| <ul style="list-style-type: none"> • By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde. • By die toekenning van punte moet aandag daaraan gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is. • By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui. |
|--|

2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| <p><u>Vlak 1</u></p> <ul style="list-style-type: none"> Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk-vraag uiteengesit word. Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| <p><u>Vlak 2</u></p> <ul style="list-style-type: none"> Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun. Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis. Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**
- BY DIE ASSESSERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om 'modelantwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. in 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie



- Verkeerde stelling



- Irrelevante stelling



- Herhaling

R

- Analise

A√

- Interpretasie

1√

4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 6)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 6, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- 4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|--------|--|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

- 4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|--------|--|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

- 4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|--------|---------|
| I | VLAK 4 | } 18–19 |
| A | VLAK 5 | |

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| | | |
|--------|--------|-------|
| I en A | VLAK 5 | 18–20 |
|--------|--------|-------|

GRAAD 12 ANALITIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK: PUNTETOTAAL: 30

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|--|---|--|---|--|--|---|
| AANBIEDING | Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde, oorspronklike, onafhanklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | Goed beplan en gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanklike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis. Skryfwerk gestruktureer. | Argument beplan en gestruktureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/poging om argument te ontwikkel. | Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureer nie. |
| INHOUD | | | | | | | |
| VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is. | 27–30 | 24–26 | | | | | |
| VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is. | 24–26 | 23 | 21–22 | | | | |
| VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21–22 | 20 | 18–19 | | | |
| VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/irrelevante inhoudseleksie. | | | 18–19 | 17 | 15–16 | | |
| VLAK 3 Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15–16 | 14 | 12–13 | |
| VLAK 2 Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12–13 | 11 | 9–10 |
| VLAK 1 Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant. | | | | | | 9–10 | 0–8 |

GRAAD 12 HOLISTIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK (BV. 'N OPSTEL WAT VERWYS NA BRONNE EN EIE KENNIS) PUNTETOTAAL: 30

| VLAAK | Indien die kandidaat alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word. |
|---|---|
| 7 Uitstekend 80–100% 24–30 [Uitstekend] | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne neer te skryf nie) Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne Druk hom-/haarself duidelik uit Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom) |
| 6 Verdienstelik 70–79% 21–23 [Baie goed] | Wend goeie poging aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne Poog om teenargument te oorweeg Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Goeie uitdrukking Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom) |
| 5 Substantief 60–69% 18–20 [Goed] | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge Begryp die meeste van die bronne Gebruik die meeste van die bronne Selekteer relevante bronne Uitdrukking goed, maar daar is foute Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg. Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekking te maak. |
| 4 Gemiddeld 50–59% 15–17 [Bevredigend] | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Uitdrukking bevredigend Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| 3 Toereikend 40–49% 12–14 [Redelik] | Geringe poging om te fokus op die onderwerp Min begrip van die bronne Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg Bronne word gelys Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Geringe uitdrukking Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| 2 Elementêr 30–39% 9–11 [Swak] | Kan nie op onderwerp fokus nie Kan nie relevante bronne identifiseer nie Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie Skryfwerk bloot 'n lys van bronne Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Baie swak uitdrukking Swak poging om standpunt in te neem, indien enige |
| 1 Nie behaal nie 0–29% 0–8 [Baie swak] | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie Maak glad nie gebruik van bronne nie Heeltemal irrelevant Skryf bron direk oor Antwoord uiters swak |

VRAAG 1: WAAROM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE UNIE VAN SOSIALISTIESE SOWJETREPUBLIEKE (USSR) BETROKKE GERAAK BY DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS?

1.1

1.1.1 *[Interpreteer en evalueer informasie uit Bron 1A – V3 – LU3 (AS1)]*

(a) **Waarom die VSA missiele ontplooi het:**

- As 'n afskrikmiddel teen Sowjet aggressie teen die VSA
- Om te toon dat die VSA die sterkste militêre mag is
- Beskerming van Wes Europa teen Sowjet aggressie
- Om die verspreiding van kommunisme te voorkom
- Om demokrasie te verskans
- Enige ander relevante antwoord

(1 x 2) (2)

(b) **Waarom die USSR missiele ontplooi het:**

- Om Amerikaanse missiele in Turkye en Italië teen te werk
- Om die Sowjet invloedssfeer in Latyns Amerika uit te brei
- Om Kuba teen VS aggressie te beskerm
- Enige ander relevante antwoord

(1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpreteer en evalueer informasie uit Bron 1A – V2 – LU3 (AS1)]*

Kandidate moet aandui of die Sowjet unie se aksies GEREGERDIG was of NIE.

GEREGVERDIG

- Amerikaanse missiele in Turkye en Italië was 'n bedreiging vir Sowjet veiligheid
- Missiele was ook 'n bedreiging vir lande in die kommunistiese blok
- USSR het standpunt teen Amerikaanse aggressie ingeneem
- USSR het die reg om homself te verdedig
- Enige ander relevante antwoord

NIE GEREGERDIG

- Ontploffing verhoog Koue Oorlog spanning
- Ontploffing het die wêreld op die rand van oorlog gebring
- Verhoogde antikommunistiese gevoelens in die Weste
- Verhoogde antikapitalistiese gevoelens in die Oos blok
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Analiseer informasie uit Bron 1B - V2- LU1 (AS3)]*

- Nuuswaardigheid van die storie
- Maak Amerikaners bewus van die bedreiging van missiele in Kuba
- Om te toon dat die Amerikaanse president deurslaggewend gaan optree
- Om te toon dat Amerika nie geïntimideer sou word deur Sowjet aggressie
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van informasie uit Bron 1B - V2- LU1 (AS3)]*

- Besliste leier
- In 'n positiewe lig
- Leier was bekommerd oor die VSA en sy burgers
- Enige ander relevante antwoord (1 x 3) (3)

1.2.3 *[Interpreteer en evalueer Bron 1B - V2 - LU1(AS3)]*

- Hy probeer om die krisis vreedsaam op te los
- Hy was albei, aggressief en diplomaties
- Kennedy bewys dat hy in beheer was
- Lê 'n blokkade op
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Verduidelik die informasie uit Bron 1B - V1 - LU2 (AS3)]*

- Kuba is deur die Sowjet unie gebruik om missiele te ontplooi
- Samesprekings is nooit met Kuba gehou nie
- USSR en Amerika onderhandel om die krisis op te los
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.5 *[Evalueer bevooroordeeldheid in Bron 1B – V3 – LU1 (AS3 en 4)]*

- Dit is slegs die siening van 'n Amerikaanse koerant
- USSR se siening word nie weerspieël nie – nie gebalanseerd nie
- Koerant gee nie redes vir ontplooiing van missiele in Kuba
- New York Times maak nie Amerikaanse aggressie teen die Sowjet Unie bekend nie
- New York Times blameer die Sowjet Unie en Kuba vir die krisis
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Analiseer bewyse uit Bron 1C – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Toon die leiers van die USSR en die VSA wat 'arm druk' oor missiele in Kuba
- Die Koue Oorlog het amper 'n 'warm oorlog' (kernoorlog) ontketen
- Leiers was onder kwaai druk
- Koue Oorlog krisis toets hierdie leiers (Khrushchev en Kennedy) se vermoë om onder druk te werk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 1C – V3 – LU1(AS3)]*

Kandidate kan of AKKURAAT of NIE AKKURAAT kies en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

AKKURAAT

- VSA en USSR konflik het amper 'n kernoorlog in Sentraal Amerika laat uitbreek
- Albei die USSR en die VSA het Kuba strategies gebruik om hulle invloedseer uit te brei
- Enige ander relevante antwoord

NIE AKKURAAT

- Leiers het altyd gesoek na 'n vreedsame oplossing
- Dit toon nie Kuba se rol in die konflik nie
- Dit slegs die siening van die spotprenttekenaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Evalueer informasie uit Bron 1C - V2 - LU1(AS3)]*

- Kernoorlog
- Vernietiging van beide die VSA en die USSR
- Vernietiging van die res van die wêreld/mensdom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Onttrek en evalueer relevante informasie uit Bronne 1B en 1C - V3 – LU1(AS3;AS4)]*

Kandidate moet verduidelik hoe Bronne 1B of 1C mekaar ondersteun rakende Koue oorlog spanning in Kuba.

BRON 1B

- Reflekteer hoe die VSA gereageer het op die ontplooiing van missiele in Kuba en was gereed om geweld teen die VSA te gebruik.

BRON 1C

- Toon hoe die VSA en die USSR reageer op die krisis wat amper tot 'n kernoorlog lei
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne - V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- VSA en USSR speel 'n belangrike rol in die Kubaanse Missielkrisis
- VSA ontplooi missiele op Sowjet grense
- Die USSR reageer deur missiele in Kuba te plaas
- VSA reageer met 'n blokkade van Kuba
- VSA dreig om Kuba in te val indien missiele nie verwyder word en die USSR versoek die VSA om missiele te verwyder van Italië en Turkye
- VSA en die USSR se aggressiewe reaksies maak die Koue oorlog meer intensief
- Albei eindig op deur in te gee en die krisis word afgeweer
- Die Supermoondhede besluit om die lyne van kommunikasie oop te hou (rooi telefoon/gesprekslyn)
- Hulle onderteken die Kern Toets-Verbod-Verdrag
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---------------|--|-------------------|
| VLAK 1 | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. toon min of geen begrip van die effek wat die Kubaanse Missielkrisis op VSA – USSR verhoudings gehad het • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | PUNTE: 0–2 |
| VLAK 2 | <ul style="list-style-type: none"> • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip van die effek wat die Kubaanse Missielkrisis op VSA – USSR verhoudings gehad het • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | PUNTE: 3–5 |
| VLAK 3 | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van die effek wat die Kubaanse Missielkrisis op VSA – USSR verhoudings gehad het • Bewyse hou goed verband met die onderwerp • Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | PUNTE: 6–8 |

(8)

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet die redes vir die missielkrisis wat in Kuba ontwikkel het, bespreek. Hulle moet verwys na die ontplooiing van missiele deur die VSA in Europa. Hoe hierdie aksie die USSR se veiligheid bedreig het. Die wraak van die USSR toe hy Kuba bewapen het met kernmissiele en hoe dit spanning verhoog het tussen supermoondhede.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die redes vir die betrokkenheid van die VSA en die USSR in die Koue Oorlog krisis, weergee.

UITBREIDING

- Ontplooiing van NAVO missiele in Italië en Turkye
- Die reaksie van die USSR op die ontplooiing van missiele in Kuba – dit is in die geheim gedoen
- VSA spioenasie vliegtuie ontdek die oprigting van medium en langafstand-missielbasisse in Kuba
- Kennedy kondig 'n vlootblokkade op Kuba aan. Hy beveel dat alle USSR Skepe wat kernmateriaal vervoer moet terugdraai. VSA se militêre mag was op rooi gereedheidsgrondslag
- USSR is in kennis gestel dat die VSA sal wraak neem teen enige missiele wat vanaf Kuba teen 'n Westerse moondheid gelanseer word
- USSR dring aan dat hulle net Kuba help om homself te beskerm – die VSA is besig om in Kubaanse sake in te meng
- Khrushchev beskuldig die VSA daarvan dat hulle die wêreld na 'n kernoorlog toe stoot
- USSR skepe is geblokkeer om Kuba in te gaan – sommige het kernmateriaal bevat
- Khrushchev dui aan dat hy gereed was vir 'n ooreenkoms. Die USSR is gereed om missiele te onttrek indien Kennedy belowe om nie Kuba in te val nie
- USSR wou ook missiele verwyder hê vanaf Turkye
- Kennedy is aangeraai om nie in te gee aan Khrushchev se versoeke nie – die krisis raak buite beheer
- Die wêreld was op die rantjie van oorlog toe 'n VSA spioenasievliegtuig afgeskiet is oor Kuba – Kennedy was verstom
- Kennedy is aangeraai om aan te val – maar sy houding het versag
- Khrushchev het ook ingegee en besluit dat Kubaanse missiele onder die toesig van die VVO gesloop moes word
- VSA belowe om nie Kuba in te val nie en die blokkade is gelig
- Die krisis was verby, nie die VSA of Rusland wou 'n kernoorlog hê nie

- Beide Kennedy en Khrushchev kom uit die krisis met 'n onbeskadigde politieke reputasie
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle bespreking met 'n relevante slot saamvat.

(30)

Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.

1.6.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer - gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Om hierdie vraag te beantwoord moet kandidate 'n sekere standpunt inneem. Kandidate kan of saamstem of nie saamstem met die stelling nie. Hulle kan ook besluit of dit aggressie van die VSA of die USSR was wat gelei het tot die kernkrisis in Kuba.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet krities die geldigheid van die stelling bespreek en aandui hoe hulle die vraag gaan beantwoord.

UITBREIDING

Om hierdie stelling te evalueer moet kandidate aandui of hulle saamstem of nie.

- VSA ontplooi missiele op Sowjet grense (Italië en Turkye)
 - Sowjet het wraak geneem deur Castro te ondersteun met kernwapens
 - Sowjet skepe met kerntoerusting was op pad na Kuba
 - VSA en die Sowjet Unie se ontplooiing van missiele het amper die Koue Oorlog in 'n 'warm' oorlog verander
 - Samesprekings tussen Kennedy en Khrushchev moes versigtig benader word omdat 'n verkeerde besluit tot kernoorlog kon lei
 - Kennedy beveel 'n vlootblokkade op Kuba aan en dat Sowjet skepe wat kernmateriaal vervoer moes terugdraai
 - Kennedy versoek die verwydering van missiele in Kuba en dreig ook met militêre inval
 - Die wêreld was op die randjie van oorlog
 - Khrushchev gee in en beveel die verwydering van missiele
 - Dit is gedoen op voorwaarde dat die VSA nie Kuba inval nie, lig die blokkade en verwyder missiele in Turkye
 - Kennedy gee in op twee versoeke omdat die missiele in Turkye eers later verwyder sou word (hy wou nie swak lyk in die oë van Amerikaners nie)
 - Behendigheid van albei leiers het 'n katastrofe voorkom – 'n vreedsame oplossing is gevind
 - Betrekkinge tussen Amerika en die Sowjet Unie het verbeter
 - 'n 'Gesprekslyn' tussen Washington en die Kremlin is opgestel
 - 'n Kern Toets-Verbod-Verdrag is onderteken
 - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat.

(30)
[75]

Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.

VRAAG 2: HOE HET JULIUS NYERERE SE BELEID VAN AFRIKA-SOSIALISME TANZANIË NA ONAFHANKLIKHEIDSWORDING VERANDER?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Dit moes mensgesentreerd wees
- Menslikheid moes eerste kom
- Ontwikkeling van mense was baie belangrik (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking en verduideliking van bewyse uit Bron 2A – L1 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Hy het geglo dat gemeenskappe beter plekke sou word
- Hy het geglo dat gemeenskappe selfonderhoudend sou word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie en evaluering van Bron 2A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Mense is met geweld in landelike gemeenskappe gedwing
- Almal het nie van kollektiewe boerdery gehou nie
- Daar was min ekonomiese sukses
- Produksie het afwaarts beweeg
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie en evaluering van Bron 2A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Dit beklemtoon mense wat saamwerk
- Dit beklemtoon kollektiewe boerdery
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Vergelyking van 'n geskrewe met 'n visuele Bron in Bronne 2A - V3 – LU1 (AS4)]*
Kandidate moet op albei die geskrewe en die visuele bron antwoord.

- Die geskrewe bron beklemtoon die teenstand teen kollektiewe boerdery terwyl die visuele bron vroue wat op 'n gemeenskaplike kommune werk, beklemtoon
- Die geskrewe bron beklemtoon dat gemeenskaplike boerdery nie regtig tot selfonderhoud gelei het nie terwyl die visuele bron toon dat vroue baie hard gewerk het om selfonderhoudend te raak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.6 *[Interpretasie en evaluering van Bron 2A – V2 – LU1 (AS3)]*

Kandidate kan of SUKSESVOL of NIE SUKSESVOL kies en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

SUKSESVOL

- Gesondheidsdienste het verbeter
- Onderwys toon verbetering
- Sukses ten opsigte van politieke identiteit
- Enige ander relevante antwoord

NIE SUKSESVOL

- Daar was teenkanting teen die program van kollektiewe boerdery
- Tanzanië het steeds op buitelandse lenings, invoere ens. gesteun
- Lewenstandaard van gewone mense het versleg
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Definisie van konsepte uit Bron 2B – V1 – LU2 (AS1)]***Eenpartystelsel**

- Regering slegs deur een party/diktator
- Regering waar geen ander politieke party toegelaat word
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie en evaluering van Bron 2B – V2 – LU1 (AS3)]*

Kandidate kan of SUKSESVOL of NIE SUKSESVOL kies en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

SUKSESVOL

- Nyerere het geslaag om geletterdheid van Tanzaniërs te verbeter
- Tanzanië het duisende ingenieurs, dokters en onderwysers opgelei
- Nyerere kon sy beleid van ujamaa op Tanzaniërs forseer
- Nyerere kon sy idees uiteengesit in die Arusha verklaring instel
- Enige ander relevante antwoord

NIE SUKSESVOL

- Daar was baie teenkanting teen sy beleid
- Produksie het afgeneem
- Tanzanië het steeds staatgemaak op geld uit die Westerse wêreld
- Nyerere gee toe dat sy beleid van ujamaa gefaal het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Analiserings van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Parlementariërs moes baie myle loop na party vergaderings
- Parlementariërs moes in dorpie bly
- Politici moes die ontberinge van gewone mense beleef
- Politici ondervind die lewe van gewone mense eerstehands
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V3 – LU1 (AS4)]*

- Hulle moes loop in stede van hulle luukse motors gebruik
- Hulle moes met die gewone dorpenaars meng
- Hulle is geforseer om 200 myl te loop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.5 [Interpretasie en evaluering van Bron 2B – V2 – LU1 (AS3)]

Kandidate kan of Stelling 1 of 2 kies en hulle antwoord ondersteun met relevante bewyse.

STELLING 1

- Primêre Bron – werklike woorde deur Nyerere
- Nyerere gee informasie oor die suksesse van Afrika Sosialisme
- Statistieke word gegee om sy argument te staaf
- Enige ander relevante antwoord

STELLING 2

- Gee 'n kritiese siening van Nyerere
- Gee informasie oor Nyerere se kwaliteite as leier
- Gee 'n antiregeringsperspektief
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3 [Evaluasie van beperkings van Bronne 2A en 2B - V3 – LU1 (AS4)]**BRON 2A**

- Kan bevooroordeeld wees
- Beeld Nyerere hoofsaaklik uit in 'n slegte lig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

BRON 2B

- Kan eensydig wees
- Stelling 1 is geskryf uit Nyerere se oogpunt
- Stelling 2 kan bevooroordeeld wees teenoor Nyerere
- Stelling 2 is geskryf uit 'n Westerse oogpunt
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan op die volgende aspekte fokus:

- Afrika Sosialisme was mensgesentreerd
- Volgens Nyerere se sosialistiese beleid moes mense ontwikkel word
- Mense is in gemeenskaplike grond gedwing
- Mense staan die beleid van Afrika Sosialisme teë
- Produksie beweeg afwaarts en voedsel moes ingevoer word
- Suksesse in gesondheid, onderwys en politieke identiteit
- Peil van geletterdheid verbeter
- Parlementariërs is uit hulle gemaksone verskuif
- Parlementariërs moes met lewenstyle van gewone mense eksperimenteer
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---------------|---|-------------------|
| VLAK 1 | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. toon min of geen begrip van die impak van Nyerere se beleid van Afrika Sosialisme in Tanzanië • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | PUNTE: 0–2 |
| VLAK 2 | <ul style="list-style-type: none"> • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip van die impak van Nyerere se beleid van Afrika Sosialisme in Tanzanië • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | PUNTE: 3–5 |
| VLAK 3 | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van die impak van Nyerere se beleid van Afrika Sosialisme in Tanzanië • Bewyse hou goed verband met die onderwerp • Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | PUNTE: 6–8 |

(8)

2.5 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

2.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet bespreek hoe Nyerere se beleid van Afrika Sosialisme verandering in Tanzanië na verkryging van onafhanklikheid, teweeggebring het. Kandidate moet hulle antwoord met tasbare voorbeelde ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe Nyerere van plan was om verandering in Tanzanië aan te bring.

UITBREIDING

- Nyerere se idees is in die Arusha Verklaring uiteengesit
- Nyerere wou sy beleid van ujamaa implementeer
- Nyerere wou Tanzaniërs selfonderhoudend laat wees/plattelandse gebiede ontwikkel
- Nyerere hoop om landbouproduksie te verbeter
- Tanzaniërs moes eerder staatmaak op eie bronne as buitelandse hulp
- Nyerere implementeer sy program van hervestiging van mense in dorpies/gemeenskappe moes saamwerk
- 'n Leierskapkode is ingestel om politici te verbied om korrup te raak
- Politici is verbied om aandele in besighede te hê
- Nyerere maak Swahili die nasionale taal van Tanzanië
- Nyerere stel goeie onderwys voor – geletterdheid styg en baie mense kan lees en skryf
- Nyerere stel goeie gesondheidsdienste voor – mense het toegang tot skoon water
- Nyerere wou 'n sosialistiese staat skep waar die gaping tussen ryk en arm moes krimp
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat. (30)

Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.

2.5.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer - gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun - V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet die geldigheid van die stelling, dat gemeenskappe beter plekke word deur die ontwikkeling van mense, eerder as die verkryging van produksie, analiseer.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit.

- Inleiding: Kandidate moet analiseer hoe Nyerere mense in Tanzanië ontwikkel het.

UITBREIDING

- Kort verduideliking van Afrika Sosialisme en Nyerere se idee uiteengesit in die Arusha Verklaring
- Nyerere wou eerder mense ontwikkel as om produksie te verhoog
- Tanzaniërs moes selfonderhoudend wees
- 'n Eenpartystaat is deur Nyerere in Tanzanië daargestel om seker te maak dat sy idee van Afrika Sosialisme ingestel kon word
- Basiese lewenstandaarde moes verhoog word
- Klasonderskeiding moes uitgeskakel word
- Plattelandse ontwikkeling was belangrik – genoem 'villagisation'
- Parlementariërs moes hou by die Leierskapskode wat hulle verbied het om korrup te raak
- Parlementariërs moes situasies in die regte lewe beleef
- Nyerere se idee vir onderwys is uiteengesit in die werk 'Education for Self-Reliance'
- Meer skole is gebou en die geletterdheidspeil verhoog
- Onderwysers is opgelei
- Klinieke is gebou om beter gesondheidsdienste te verskaf
- Dokters is opgelei
- Lewensverwagting is verhoog
- Meer mense verkry toegang tot skoon water
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument in 'n relevante slot saamvat (30)
[75]

Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.

VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE BURGERREGTEBEWEGING GESPEEL OM VERANDERING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEDURENDE DIE 1960's TEWEEG TE BRING?

3.1

3.1.1 [*Definisie van terme – V1 – LU2 (AS1)*]

Diskriminasie

- Ongelykheid en onregverdigheid gebaseer op ras
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.2 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)*]

- Onregverdige behandeling teenoor swart Amerikaners
- Rassediskriminasie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 1) (2)

3.1.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)*]

- Aksies geneem deur swart Amerikaners – busboikot
- Druk is deur swart Amerikaners op die VS regering geplaas
- Morele bewustheid – segregasie was teen die VS grondwet
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)*]

- Onregverdig
- Gediskrimineer
- Mishandel/beledig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)*]

- Asië en Afrika het 'n politieke begeerte gehad om onafhanklikheid toe te staan anders as die VS
- Asië en Afrika het hulle daartoe verbind om verandering te bring anders as die VS
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2 – LU1 (AS3); LU3 (AS2)*]

- Woede
- Haatdraend
- Disrespek teenoor die polisie/VS regering
- Skending van hulle mense regte
- Dit lei tot groter gemeenskapsaktiwisme teenoor die regering
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

3.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)*]

- Gebruik polisiehonde om swart Amerikaanse betogers te intimideer
- Polisie het nie gehou by die grondwet van die VSA
- Polisie het nie omgee vir die menseregte van swart Amerikaners nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Vergelyking van Bronne 3A en 3B - V3 – LU1 (AS4)]*

- Albei bronne bring polisie brutaliteit van swart Amerikaners duidelik uit
- Die geskrewe Bron maak melding van haatge vulde polisiemanne
- Die visuele Bron toon hierdie haatge vulde polisiemanne
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Om by mede-Amerikaners te pleit vir eenheid
- Om aan owerhede te toon dat dit waarvoor hulle vra in die grondwet gewaarborg is
- Om Martin Luther King Jr. se visie van hoe die VSA moet wees aan te toon
- Reflekteer sy hoop en aspirasies vir die toekoms
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Veranderinge is gebring deur die VS regering
- Die Burgerregtewet is deurgevoer
- Diskriminasie is buite die wet gestel
- Swart Amerikaners kon nou as gelyke burgers behandel word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretasie en evaluering van Bron 3C – V3 – LU1 (AS3)]*

Kandidate kan of SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM met die siening en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

STEM SAAM

- Inspireer mense van die VSA en die internasionale wêreld
- Forseer die VS regering om verandering te bring
- Dit het ander lande gemotiveer om druk op regerings te plaas om verandering te bring
- Dit voorsien 'n katalisator vir verdere veranderings
- Enige ander relevante antwoord

STEM NIE SAAM

- Hierdie woorde kon nie in die realiteit geïmplementeer word
- Dit is net die toespraak van een persoon
- Effektiewe spreker wat net probeer om die skare te manipuleer
- Burgerregtebeweging het die verandering gebring wat hulle wou hê nie (enige 2 x 2) (4)

3.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1 – LU1 (AS3)]*

- Swart Amerikaners was arm
- Was moeilik om werk te kry
- Kinders het swak onderwys geniet
- Skole was swak befonds
- Die Burgerregte wet het nie rassisme beëindig nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.5 *[Vergelyking van perspektiewe uit Bron 3C - V3 – LU1 (AS4)]***UITTREKSEL 1**

- Martin Luther King Jr. was die leier van die Burgerregtebeweging
- Martin Luther King Jr. wou 'n verenigde VSA hê, bestaande uit swart en wit Amerikaners
- Martin Luther King Jr. gebruik passiewe weerstand en wou vreedsame verandering hê
- Enige ander relevante antwoord

UITTREKSEL 2

- Malcolm X was die leier van die Swartmagbeweging
- Malcolm X het slegs op sake rakende gewone swart Amerikaners gefokus
- Malcolm X was 'n radikale voorstander van swart nasionalistiese politiek/wou oorlog hê
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan op die volgende aspekte fokus:

GEREGVERDIG

- Amerikaanse regering beoefen rassediskriminasie
- Verandering vir swart Amerikaners was stadig en geleidelik
- Die Burgerregtebeweging is gevorm
- Verkies Martin Luther King Jr. as hulle spreekbuis
- Beplan verskeie betogings bv. in Birmingham, Alabama, Washington ens
- Oefen druk op die regering uit om veranderinge in te stel
- Enige ander relevante antwoord

NIE GEREGVERDIG

Kandidate moet hulle argument met relevante bewyse ondersteun

- Swart Amerikaners is deur die VSA Congress beskerm
- Moes leiers gekies het wat kon praat eerder as om te betoog
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---------------|---|-------------------|
| VLAK 1 | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. toon min of geen begrip of swart Amerikaners geregverdig was om verandering te versoek • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | PUNTE: 0–2 |
| VLAK 2 | <ul style="list-style-type: none"> • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip of swart Amerikaners geregverdig was om verandering te versoek • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | PUNTE: 3–5 |
| VLAK 3 | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreeer 'n deeglike begrip of swart Amerikaners geregverdig was om verandering te versoek • Bewyse hou goed verband met die onderwerp • Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | PUNTE: 6–8 |

(8)

3.6 UITGEBREIDE SKRYFSTUK

3.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS3 and 4); LU2 (AS1, 2 and 3); LU3 (AS1, 2, 3 and 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet die invloed wat die Burgerregtebeweging gehad het op veranderinge in die VSA gedurende die 1960s, bespreek. Relevante bewyse moet gegee word.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die redes vir die formasie van die Burgerregtebeweging bespreek.

UITBREIDING

- Kort agtergrond van Martin Luther King Jr. en die redes vir die Burgerregtebeweging (diskriminasie/segregasie)
 - Versoek die afskaffing van rasse diskriminasie (bv. Greensboro sitbetogings in 1960)
 - Ander betogings sluit in, Birmingham en Alabama betogings ens.
 - Impak van die Vryheidsryers op die VSA
 - Segregasie in openbare skole bv. (Georgia)
 - Selma, Montgomery optogte bv. Die rol van Bull Connor
 - Gedurende die optog is ondersteuning ontvang van wit Amerikaners
 - Die optog na die Lincoln Gedenkteken en King se 'I have a dream'-toespraak
 - Dit lei tot 'n belangrike hergroepering van VS beleid
 - Dit sluit hervormings in soos die Burgerregtewet, Stemregwet, Regverdige Behuisingswet, ens.
 - Afskaffing van diskriminasie in werkspraktyk in openbare akkommodasie
 - Waardigheid en respek is veral deur swart Amerikaners herwin
 - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat deur te verwys na die belangrike veranderinge waarvoor die Burgerregtebeweging verantwoordelik was. (30)

Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.

- 3.6.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer – gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun - V2 – LU1(AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate kan of saamstem of nie saamstem met die stelling. Wanneer hulle saamstem met die stelling moet hulle die rol wat Martin Luther King Jr. gespeel het in die aanvoering van die saak van swart Amerikaners bespreek en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling en hulle gedagtegang ondersteun.

UITBREIDING

Wanneer kandidate saamstem met die stelling moet hulle die volgende bespreek:

- Verbintenis om segregasie en rasse diskriminasie te beëindig
 - Rol gespeel deur Martin Luther King Jr. Betreffende beter onderwys, beter behuising, veg vir gelyke regte
 - Totstandkoming van die Burgerregtebeweging
 - Rol en impak van die Burgerregtebeweging en Malcolm X
 - Ondersteuning van wit Amerikaners gedurende die optog
 - Die optog na die Lincoln Gedenkteken
 - Eenheid onder swart en wit Amerikaners
 - Burgerregtebeweging verkry vertroue
 - Veranderinge aan VSA wetgewing bv. Burgerregtewet van 1964
 - Segregasiewette is geleidelik herroep
 - Swart Amerikaners het nou die vrugte gepluk van King se belangrike rol
 - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat.

As kandidate nie saamstem met die stelling nie moet hulle, hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun

(30)
[75]

Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.

VRAAG 4: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976 BEÏNVLOED?

4.1

4.1.1 *[Onttrekking van informasie uit Bron 4A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Verandering in die taalbeleid deur die Departement van Bantoe Onderwys
- Swak kwaliteit van onderwys
- Afdwing van Afrikaans deur die Departement van Bantoe Onderwys as medium van onderrig
- 'n Verordening deur die Departement van Bantoe Onderwys wat die instruksie gegee het dat Afrikaans, net soos Engels gebruik moet word as medium van onderrig in alle swart skole
- Werkloosheid en armoede van baie swart Suid Afrikaners
- Die impak van Mosambiek se onafhanklikheid op Suid Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 1) (1)

4.1.2 *[Verduidelik die redes vir die verandering van die taalbeleid uit Bron 4A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Omdat die onderwys van 'n swart kind in stedelike gebiede betaal is deur die wit bevolking (albei Engels en Afrikaans)
- Die Engels- en Afrikaanssprekendes moes tevrede gestel word (vir hulle belasting) deur hulle tale die medium van onderrig te maak op 'n 50-50-basis
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.1.3 *[Evaluasie van informasie uit Bron 4A – V2 – LU1 (AS4)]*

- Studente verwerp die idee om onderrig te word in die taal van die onderdrukker
- Hulle was ontevrede met die veranderings
- Dit lei tot die Junie 1976 opstande
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.1.4 *[Evalueer die geldigheid van Bron 4A – V3 – LU1(AS 4)]*

Kandidate kan of SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

BETROUBAAR

- Die notules is 'n primêre bron
- Die notules is geneem in 'n amptelike formele vergadering
- Die datum van die vergadering (20. 01. 1976), dui aan wanneer die gebeurtenis plaasgevind het
- Enige ander relevante antwoord

NIE BETROUBAAR

- Die Tswana Skoolraad kon eensydig wees teenoor die Departement van Bantoe Onderwys
- Die Tswana Skoolraad vorm deel van die regering en sou dit nie kritiseer nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.1.5 *[Onttrekking van informasie uit Bron 4A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Hulle is beïnvloed deur organisasies soos die 'Black People's Convention' (BPC), Suid Afrikaanse Studentevereniging (SASO) en deur die SwartBewussyns filosofie
- SwartBewussyn se leringe is beïnvloed deur daardie studente
- SwartBewussyn se leringe het hulle geleer om nie minderwaardigheid te aanvaar nie en op te staan vir hulle regte
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.2

4.2.1 *[Interpretasie van informasie uit Bron 4B – V2 – LU1 (AS3)]*

- (a) Wittes (1 x 1) (1)
- (b) Swartes (1 x 1) (1)

4.2.2 *[Analiseer die aanhalings in Bron 4B – V2 – LU1 (AS4)]*

- Die minderwaardigheidskompleks van swartes maak dit makliker vir wittes om met die onderdrukking aan te hou
- Die onderdrukker sal dit moeilik vind om iemand wat geestelik bevry is deur SwartBewussyns filosofie, aan te hou onderdruk
- Indoktrinasië van wit regering
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.2.3 *[Analiseer die informasie verkry uit Bron 4B – V2 – LU1 (AS4)]*

- Beskuldig Biko daarvan dat hy bevooroordeel is teenoor wittes
- Wou Biko uit die weg ruim omdat hy die meeste swart Suid Afrikaners bewus gemaak het
- Ongelukkig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.3

4.3.1 *[Interpretasie van informasie uit Bron 4C – V2 – LU1 (AS3)]*

- Dat die studente nie net geveg het teen die instelling van Afrikaans as medium van onderrig, maar teen die hele stelsel van apartheid
- Het nie apartheid aanvaar nie
- Staan die vernietiging van apartheid voor
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.3.2 *[Interpretasie van informasie uit Bron 4C – V2 – LU1 (AS3)]*

- Ouers se beperkte bydrae tot die stryd
- Hulle toewyding om die stryd voort te sit
- Hulle verbintenis om op te staan en die politieke ideologie van apartheid te vernietig
- Swak taal omstandighede
- Minderwaardige voorsiening van onderwys
- Irrelevante onderwys curriculum
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

4.3.3 *[Onttrekking van informasie uit Bron 4C – V1 – LU1 (AS3)]*

- Opstokers van Soweto
- Boewe in die strate

(enige 1 x 1) (1)

4.3.4 *[Evalueer die geldigheid van Jimmy Kruger se verslag oor polisiebetrokkenheid in die Soweto-opstande in Bron 4C – V3 – LU1 (AS 4)]*

Kandidate moet aandui of die verslag AKKURAAT of NIE AKKURAAT is nie en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

AKKURAAT

- Hy het as die Minister van Justisie en Polisie vir die regering gepraat
- Hy het die parlement toegesprek
- Hy het die regering verteenwoordig
- Enige ander relevante antwoord

NIE AKKURAAT

- Beskerm die aksies van die polisie
- Wou die apartheid regering beskerm
- Plaas die blaam op Soweto studente en inwoners

(enige 1 x 2) (2)

4.3.5 *[Vergelyk teenstrydige weergawes in Perspektief 2 – Bron 4C – V3 – LU2 (AS3)]***JIMMY KRUGER**

- Hy het sy departement en die regering beskerm as die Minister van Justisie en Polisie
- Hy het gerapporteer wat eintlik gebeur het
- Enige ander relevante antwoord

POLISIEKOLONEL

- Hy was op die plek en was betrokke in die eintlike skietery
- Hy was 'n regte getuie (primêre bron)
- Enige ander relevante antwoord

(2 x 2) (4)

4.3.6 *[Vergelyk perspektiewe in Bron 4C – V3 – LU2 AS3]*

Kandidate kan EEN uittreksel kies en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

UITTREKSEL 1

- Dit wys die geestelike houding van studente
- Dit verduidelik die siening van studente
- Enige ander relevante antwoord

UITTREKSEL 2

- Dit toon die weergawe van die regering van die rol van die polisie
- Die weergawe van die polisie kolonel verteenwoordig die werklike gebeure gedurende die voorval en die gevoel van die polisie
- Enige ander relevante antwoord

(2 x 2) (4)

4.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS 1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan op die volgende aspekte fokus:

- Verandering in die taalbeleid
- 'n Bepaling wat Afrikaans die medium van onderrig op 'n 50 -50 basis met Engels gemaak het
- Die verwerping van studente om in die taal van die onderdrukker onderrig te word
- Die studente se besluit om die wapen op te neem en teen die onderdrukkende politieke ideologie te veg
- Verbintenis van die studente om die bal van vryheid in hulle eie hande te neem
- Die invloed van die filosofie van Swart Bewussyn
- Lewensomstandighede in Soweto
- Werklose ouers
- Armoede
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|----------------|---|-------------------|
| VLAKE 1 | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. toon min of geen begrip oor die verskillende redes vir die Soweto opstand • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie | PUNTE: 0–2 |
| VLAKE 2 | <ul style="list-style-type: none"> • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip oor die verskillende redes vir die Soweto opstand • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier | PUNTE: 3–5 |
| VLAKE 3 | <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor die verskillende redes vir die Soweto opstand • Bewyse hou goed verband met die onderwerp • Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp | PUNTE: 6–8 |

(8)

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

4.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – L3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet bespreek hoe die SwartBewussyn die Soweto opstande in 1976 beïnvloed het.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die impak van die Swartbewussynsbeweging op studente organisasies se uitkyk op die lewe bespreek.

UITBREIDING

- Swartbewussyn bring die inboeseming van die gees van selfstandigheid, selfagting, selfwaarde, swart trots ens
 - Swartbewussynsleringe beïnvloed studente in hulle vergaderings
 - Dit het studente beïnvloed om weg te breek van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse studente (NUSAS) en om hulle eie Suid-Afrikaanse Studente Organisasie (SASO), te stig
 - Swartbewussyn filosofie beïnvloed studente om organisasies soos die 'Soweto Student Representative Council' (SSRC), die 'Black People's Convention' (BPC) en die 'South African Students Movement' (SASM) te stig
 - Die impak van Biko se aanhalings op studente
 - Die filosofie van Swartbewussyn beïnvloed die studente om die politieke stelsel, wat ontwerp is om hulle in 'n voortdurende staat van onderdrukking te hou, uit te daag
 - Studente formasies en organisasies funksioneer onder die invloed van die breër Swartbewussyn
 - Studente formasies en organisasies en die BPC word krediet gegee vir die ontlonting van die Soweto-opstande
 - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat. (30)

Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.

4.5.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer - gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun - V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet saamstem of nie saamstem met die stelling en dan die waarde bepaal van die omstandighede verantwoordelik vir die 1976 Soweto opstande.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saamstem al dan nie en hoe hulle, hulle siening gaan ondersteun.

UITBREIDING

Kandidate moet in hulle uitbreiding op die volgende aspekte fokus:

Jimmy Kruger se siening

- 'Opstokers' wat rasse in Suid Afrika gepolariseer het
- 'Boewe op die strate'
- Polisie het nie die geweld aangehits nie

Studente se siening:

- Verandering in die taalbeleid van die Departement van Bantoe Onderwys
- Swak kwaliteit van onderwys
- Verwerping van die minderwaardige kurrikulum
- Leerlinge se verwerping om in die taal van die onderdrukker onderrig te word
- Onderwysers se verwerping van verandering in die taalbeleid – hulle was nie vlot in Afrikaans nie
- Die invloed van studenteorganisasies: South African Student Organisation (SASO), Black People's Convention (BPC), South African Students Movement (SASM), Soweto Students Representative Council (SSRC),
- Die bydrae van algemene werkloosheid en armoede in Soweto
- Toewyding van studente om die bal van vryheid in eie hande te neem

- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat. (30)
[75]

Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.

TOTAAL: 150